INTIEME LEWENSGENOOT GEWELD (ILG) EN HANDVUURWAPENS

16 DAYS OF ACTIVISM AGAINST GENDER-BASED VIOLENCE
16 DÍAS DE ACTIVISMO CONTRA LA VIOLENCIA DE GÉNERO
16 JOURS D'ACTIVISME CONTRE LA VIOLENCE DE GENRE
25 NOV - 10 DEC http://16dayscwgl.rutgers.edu

Die besluit om 'n vuurwapen aan te skaf en te gebruik word beïnvloed deur die siviele, politieke en sosiale begrip van die rol van en behoefte aan wapens, en wat bereik kan word met hulle besit en gebruik. Dit hou nou verband met die idee dat sekuriteit en dominansie verkry kan word deur die gebruik van geweld. Vuurwapens word dikwels verbind met mag en bewyse van manlikheid.

Die werklikheid, buite die slagveld, is dat vuurwapengeweld die grootste dodelike risiko is wat vroue, mans en kinders in die gesig staar. Dit is dikwels vroue wat in die huis bedreig, gewond of doodgemaak word deur mans, vorige lewensgenote of familie.

Die huis en persoonlike verhoudings is veronderstel om veilige hawens te wees, maar in gevalle van intieme lewensgenoot geweld waar handvuurwapens teenwoordig is, is vroue 3 keer meer geneig om in die huis vermoor te word, en 14 keer meer geneig as daar 'n geskiedenis van intieme lewensgenoot geweld is.

Met meer as 875 miljoen handvuurwapens verspreid regoor die wêreld, is ongeveer 75% (650 miljoen) in die hande van privaateienaars, meestal mans, en word in die huis gestoor. Die Handvuurwapensteekproef het bevestig dat die kombinasie van vuurwapens en intieme lewensgenoot geweld dikwels dodelik is, met 40–70% van vroue wat deur lewensgenote of manlike familielede vermoor word.

Handvuurwapens is vrylik beskikbaar en bly deel van groeiende onveiligheid, onstabiliteit en militarisering in gemeenskappe, huise en verhoudings. Die vermeerdering van handvuurwapens en gebrekkige regulering van vloei, toegang en gebruik duur voort om kritiek skadelik te wees vir die veiligheid en sekuriteit van vroue, mans en kinders. Hele gemeenskappe moet leef met die nagevolge van handvuurwapengeweld, gedurende konflik en "vredestye". Rondom die wêreld vind 'n gemiddeld van ten minste 200,000 nie-konflikverwante vuurwapensterftes plaas per jaar. Vuurwapengeweld duur voort om op afgryslike maniere te manifesteer: in slagtings deur gewapende tieneraanvallers wat wraak wil neem vir skynbare belediging van hulle manlikheid; in huishoudelike situasies waar vroue van elke klas, ras of kaste, geloof en streek onderwerp word aan fisiese, sielkundige en seksuele aanranding, dreigemente en ander geweld deur intieme lewensgenote.

Dikwels, wanneer hierdie gevalle van mishandeling en aanranding genoeg eskaleer, is die eindresultaat 'n vrou wat dood is. Een uit drie van meer as 66,000 vrouemoorde jaarliks sal gepleeg word met 'n vuurwapen.[1]

Meer moet gedoen word om toegang tot, toeloop en gebruik van handvuurwapens te reguleer sodat dit nie meer gebruik word in geweldadige intieme lewensgenoot situasies en publieke areas nie.

Bepleit

Ontwapen plegers van gesinsgeweld. Dring aan op implementering van die 2013 Wapenhandelverdrag. Bepleit gesinsgeweldwette wat die verwydering van vuurwapens vereis. Polisie behoort ten minste vereis word om die eggenoot of vorige eggenoot te raadpleeg voor goedkeuring van 'n vuurwapenlisensie. Australië, Kanada, Suid-Afrika en Trinidad en Tobago is onder die lande wat hulle wetlike raamwerke geharmoniseer het rondom wapenlisensiëring en gesinsgeweld. Sulke wette vorm en reflekteer waardes, en versterk spesifiek waardes van geweldloosheid; dit kan 'n werklike verskil maak. Kanada het vuurwapenwetgewing in 1995 verskerp en teen 2003 het die vuurwapenmoordsyfer algeheel geval met 15%, en met 40% vir vroue. Moedig polisiebeamptes aan om gewapende intieme lewensgenoot en gesinsgeweld aan te spreek: Plaaslike polisiebeamptes is dikwels eerste om te reageer op en tussenbeide te tree in gevalle van gesinsgeweld. Polisie behoort opgelei te wees om sulke geweld sensitief, effektief en wettig te hanteer. Bepleit die vereiste dat alle vuurwapens veilig gestoor word: Wapeneienaars moet vereis word om vuurwapens sekuur te stoor en ammunisie apart te hou. In Belarus moet vuurwapens gehou word in geslote bokse, uitmekaar gehaal en ongelaai, met die ammunisie apart gestoor.

RUTGERS
School of Arts and Sciences

Center for Women's Global Leadership
Rutgers, The State University of New Jersey
http://cwgl.rutgers.edu

Druk van die burgergemeenskap en verantwoordelike regeringswetgewing kan die nodige verandering teweeg bring in die beheer van handvuurwapens. Daarby moet wetgewers gevalle van intieme lewensgenoot geweld ernstiger opneem, om sodoende handvuurwapengeweld in hierdie voorvalle voldoende aan te spreek. Dit beteken dat militêre besteding nie toegelaat moet word om geld weg te neem van sosiale ontwikkeling nie, insluitend voorsiening van ongeweldadige onderrig, en aktiewe gesondheids- en polisiedienste in gevalle van intieme lewensgenoot geweld.

Hanteer gesins- en intieme lewensgenoot geweld as die ernstige misdaad wat dit is en ondersteun vroue wat dit aanmeld

Vroue meld intieme lewensgenoot geweld dikwels nie aan nie omdat hulle te bang is, of omdat hulle nie toegang het tot die polisie of regstelsel nie. Regerings moet verseker dat kriminele regstelsels vroue aanmoedig om geweld in die huis aan te meld, ondersteuning verskaf wanneer hulle doen, en oortreders gestraf word.

Meer moet gedoen word om toegang tot en die vloei en gebruik van handvuurwapens te reguleer, sodat dit nie gebruik word in gevalle van intieme lewensgenoot geweld of in publieke areas nie. Vermindering en voorkoming van hierdie vloei is krities vir die aanspreek van geweld voor, tydens en na konflik, asook maklike toegang tot handvuurwapens vir plegers van intieme lewensgenoot geweld.

Dit beteken ook verbetering van die polisie en regsektore se verbintenis om beter te reageer op gevalle van ILG, asook beter ondersoek en vervolging; dit beteken publieke beplanning vir voorkoming, beskerming en vergoeding vir ILG oorlewendes; en die skep of versterk van beleide wat vuurwapenbesit verbied vir diegene met 'n rekord van ILG, geestesversteurings en ander probleme wat die potensiaal vir vuurwapengeweld kan vererger.

Die toeloop van onwettige vuurwapens is een van die mees kritieke bedreigings vir menseregte, veiligheid en sekuriteit van vroue, kinders en mans in gemeenskappe regoor die wêreld.

State moet verder gaan as net lippediens ter ondersteuning van verminderde geweld in die huis en in publieke areas: daar moet wêreldwye bekragtiging en implementering wees van die 2013 Wapenhandelverdrag; de-eskalering van wapenvermeerdering deur nasionale regulering; en toegewyde reaksie, ondersoek en vervolging van plegers van intieme lewensgenoot geweld, met 'n verbod of konfiskering van handvuurwapens. Die effek van handvuurwapens in gevalle van intieme lewensgenoot geweld moet aangespreek word as State hulle verpligtinge wil nakom ter ondersteuning van alle mense se regte tot vrede, veiligheid en sekuriteit.

[1] Small Arms Survey. (2012) "Femicide: A Global Problem." http://www.smallarmssurvey.org/fileadmin/docs/H-Research_Notes/SAS-Research-Note-14.pdf

Hulpbronne

- Adelman, Madelaine. (2003) "The Military, Militarism, and the Militarization of Domestic Violence." in *Violence Against Women* Vol. 9. No 1118. http://vaw.sagepub.com/content/9/9/1118
- The Arms Trade Treaty (2013): http://www.un.org/disarmament/ATT
- IANSA Women's Network. (2009) "Disarm Domestic Violence: Key Initial Findings." http://www.iansa-women.org/node/238
- Small Arms Survey. "Weapons and Markets." http://www.smallarmssurvey.org/de/weapons-and-markets.html
- Small Arms Survey. (2014) "Small Arms Survey 2014." http://www.smallarmssurvey.org/publications/by-type/yearbook/small-arms-survey-2014.html
- United Nations Division for the Advancement of Women. (2010) "Handbook and Supplement for Legislation on Violence against Women." http://www.un.org/womenwatch/daw/vaw/v-handbook.htm
- UNODA. (2006) "Facts on Illegal Small Arms." http://www.un.org/events/smallarms2006/pdf/factsheet_1.pdf
- UN Women. (2009) "Good practices in legislation to address harmful practices against women." http://www.un.org/womenwatch/daw/vaw/v-egms-gplahpaw.htm